SAOU

DIE VERANDERING IN ONDERWYS
THE CHANGE IN EDUCATION

saou@saou.co.za 012 436 0900 www.saou.co.za Reg No: LR2/6/2/531

# VERKIESING 2025 ELECTION

03/2025 2025/09/10

# PUR Verkiesingsnuusbrief NOORD-KAAP

PUR VERKIESING 2025

## KANDIDATE LYS EN STEMPROSEDURE

**Vir aandag: SAOU Lede**

**Dit is van die uiterste belang dat alle lede deelneem aan hierdie proses. U stem is van onskatbare waarde.**

U gaan deelneem aan 'n demokratiese verkiesing van Provinsiale Uitvoerende Raadslede in u provinsie. Nominasies is reeds ingewin en u word hartlik bedank vir u deelname in die voorafgaande prosesse. Elke drie jaar word hierdie **raadslede** deur die lede **in die provinsie** verkies om hulle belange op die hoogste vlak by die werkgewer te hanteer.

Gaan op u gemak deur die aangehegte verkorte CV's van elke genomineerde voordat u tot stemming oorgaan. Vergewis uself ook deeglik van die stemprosedure soos hieronder uiteengesit.

**Volg asseblief die volgende instruksies:**

1. Deur op die skakel te klik, sal u die geleentheid hê om u provinsie en u kring te kies en daarna u eie besonderhede te verskaf. U sal slegs u ID nommer gebruik om uself as SAOU lid te identifiseer.
2. Maak gebruik van die ingeslote skakel om u stem uit te bring. Die skakel sal u neem na die genomineerde kandidate in u kring.
3. U het **slegs EEN *stem per kring***. U word daarop gewys dat die stemproses streng privaat en vertroulik moet wees. U kan enige waarskynlike ongerymdhede aanmeld deur 'n e-pos te stuur na elections@saou.co.za voor of op 17 September 2025. Die aard van die beswaar / ongerymdheid moet duidelik gestel en motiveer word in die epos. 'n Lid wat beswaar aanteken moet asb. ook die provinsie en kring duidelik aandui. Geen anonieme beswaar sal aanvaar word nie.
4. **LET WEL**: ***Indien daar slegs 1 (EEN) genomineerde in u kring is, sal daar geen***

# PEC Election newsletter NORTHERN CAPE

PEC ELECTION 2025

## CANDIDATE LIST AND VOTING PROCEDURE

**For Attention: SAOU members**

**It is of the utmost importance that all members participate in this process. Your vote is invaluable.**

You will be participating in a democratic election of the Provincial Executive Council members in your province. Every three years, these **members** are elected by the members **in the province** to pursue their interests at the highest level with the employer. Nominations have already been solicited and you are cordially thanked for your participation in the preceding processes.

Go through the attached abridged CVs of each nominee at your leisure before proceeding to vote. Also familiarize yourself thoroughly with the voting procedure as outlined below.

**Please adhere to the following instructions:**

1. By clicking on the link, you will have the opportunity to choose your province and circuit and thereafter provide your own details. You will use only your ID number to identify yourself as a SAOU member.
2. Use the link included to cast your vote. The link will take you to the nominated candidates in your circuit.
3. You have **only ONE *vote per circuit***. You are reminded that the voting process must be kept private and confidential. You can report any probable irregularities by sending an email to elections@saou.co.za before or on 17 September 2025. The nature of the objection / irregularity must be clearly stated and motivated in the email. A member who objects must please indicate the province and circuit very clearly. No anonymous objections will be accepted.
4. **PLEASE NOTE:** ***If there is only 1 (one) nominee in your circuit, there will not be any voting because this nominee will automatically go through as***

***stemming benodig word nie en dié sal outomaties as verkose gesien word. Die vorm sal outomaties eindig met ‘n dankwoord vir u deelname. U kan dan net die indien knoppie klik.***

5. Sodra u u besonderhede ingevul het, sal die genomineerdes se name en addisionele inligting verskyn. Indien daar 2 (twee) of meer genomineerdes in u kring was, sal u die geleentheid hê om u keuse uit te oefen en dit daarna elektronies in te dien.
6. Indien u vir meer as 1 (een) kandidaat stem sal u stem nie in ag geneem word nie.
7. Indien u meer as een keer u keuse indien sal slegs die eerste indiening in ag geneem word.
8. Die stemme word elektronies verwerk om ‘n diagram op te trek om die stemme wat elke kandidaat verwerf het, aan te dui.
9. Die onafhanklike ouditeurs firma sal die proses evalueer om die egtheid en geldigheid daarvan te verifieer.

**Ons dank u vir u bereidwilligheid om deel te neem aan hierdie baie belangrike proses ten bate van die SAOU**

***duly elected. The form will automatically end with a word of thanks for your participation. You can then click the submit button.***

5. Once you have filled in your details, the names and additional information of the nominees will appear. If there are 2 (two) or more nominees in your circuit, you will have the opportunity to exercise your choice and then submit them electronically.
6. If you vote for more than 1 (one) candidate, your vote will not be taken into account.
7. If you submit your vote more than once, only the first submission will be taken into account.
8. The votes submitted will be processed electronically, and a diagram will be drawn up to indicate the votes obtained by each candidate.
9. The independent auditing firm will evaluate the process to verify its authenticity and validity.

**We thank you for your participation in this utterly important process on behalf of the SAOU**

KLIK HIER OM U STEM UIT TE OEFEN | CLICK HERE TO CAST YOUR VOTE

